SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 12 OKTOBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

WêRELD SE UITSAAIERS SLUIT AAN BY TEENSTANDERS VAN KRAGLYNTELEKOMMUNIKASIE

IARU-FONDS

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE 2003 SARL HF-GG-KOMPETISIE

46ste WÊRELDSCOUTJOTA EN 7de WÊRELD SCOUTJOTI VOLGENDE NAWEEK OP DIE LUG

TWEE SPESIALE STASIES OP DIE LUG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

WêRELD SE UITSAAIERS SLUIT AAN BY TEENSTANDERS VAN KRAGLYNTELEKOMMUNIKASIE

'n Subkomitee van 'n paneel van tegniese kundiges van die ITU wat verantwoordelik is vir sake rakende aardgebonde uitsendings, het aangesluit by 'n groeiende koor van bekommerdes oor die steuringspotensiaal van telekommunikasie oor kraglyne (KLT). 'n Subwerkgroep het die mening uitgespreek dat steurings geproduseer deur sisteme wat van KLT gebruik maak sowel as deur Industriële, Wetenskaplike (Scientific) en Mediese (ISM) toerusting en kortafstandapparaat, laefrekwensieontvangs kan affekteer.

Die SWG is van mening dat enige toename in die hoeveelheid geraas as gevolg van hierdie sisteme onaanvaarbaar is. In die besonder behoort uitsaaidienste

beskerm te word teen ongewenste uitstralings van KLT-sisteme aangesien hierdie uitstralings 'n byproduk is van 'n sisteem wat nie self 'n gebruiker van radiospektrum is nie. Die paneel het aanbeveel dat 'n groep in die lewe geroep word wat verteenwoordigend is van alle gebruikers van radiospektrum om die ontwikkeling te ko-ordineer van perke wat gestel moet word op die uitstraling van hierdie stelsels.

David Sumner, K1ZZ, die hoof uitvoerende beampte van die ARRL, het sterk ondersteuning en waardering vir die SWG se gevolgtrekkinge uitgespreek sowel as vir die voortgaande pogings van die hoofwerksgroep om die aangeleentheid te bestudeer. Sumner het gesê "Indien KLT 'n probleem vir uitsaaiers is, is dit maklik om in te sien dat dit 'n katastrofe vir ons sal wees."

Uitsaaiers het self toenemende bekommernis getoon oor die potensiaal van KLT om te verhoed dat hulle seine hul luisteraars sal bereik. Die BBC het byvoorbeeld kort toetse in Skotland gedoen en vasgestel dat twee kompeterende KLT-sisteme wat in die dorp Crieff, NW. van Edinburg, altwee steurings op HF-ontvangs veroorsaak het. Die toetse is op vier liggings gedoen. (Berig verkort uit die ARRL-nuus.)

Wie praat namens die radioamateurs in die RSA met OKOSA, en die Dept. van Kommunikasie, wat uiteindelik oor hierdie aangeleentheid in die RSA moet besluit? Net die SARL, en net die SARL se lede kan hom 'n mandaat gee om namens hulle te praat. Hoe meer lede, hoe harder kan die SARL praat. Nie-lede kan ter eniger tyd aansluit en bestaande lede het nog tot die einde van hierdie maand om lidmaatskap te hernu; maar hoekom uitstel? Doen dit nou!

IARU-FONDS

Na aanleiding van die versoek vir bydraes tot die IARU-fonds het Lawry Lauf, ZS5HV, en die Highway ARK gesamentlik 'n donasie van R500,00 aan hierdie fonds gemaak. Die donasie word hoog op prys gestel en Graham Hartlett, ZS6GJH, die President van die SARL, het sy dank uitgespreek vir hierdie ondersteuning aan amateurradio.

VOORLOPIGE UITSLAE 2003 SARL HF-GG-KOMPETISIE

Die voorlopige uitslae van die 2003 SARL HF-GG-kompetisie is bekend gemaak. Die kompetisiekomitee het 15 logstate ontvang en die volledige lys uitslae is deur middel van 'n spesiale HF-Nuusbrief uitgestuur.

Die wenner van die 2003 HF-GG-Kompetisie is Bernie van der Walt, ZS4TX, van die Bloemfontein RAK met 200 punte, in die tweede plek is Allan Smith, ZS1AAX, van die Kaapstad ARS met 170 punte en gesamentlik in die derde plek is Hans Kappetijn, ZS6KR, en Ed Willers, ZS6UT, van die Pretoria ARK met 162 punte elk.

Die hoogste telling op 'n enkelband is 78 punte op die 40-meterband en beide Donovan, ZS2DL, en Bernie, ZS4TX, het dit behaal. Die klubkompetisie is deur

die Pretoria ARK gewen met 468 punte, met die Kaapstad ARS kort op hulle hakke met 458 punte en derde is die Bloemfontein RAK met 252 punte.

Knap gedaan en baie geluk aan almal.

GOEIE WENSE AAN HANS ZS6KR

Namens al die lede van die SARL, wens SARLnuus vir Hans Kappetijn, ZS6KR, sukses toe met sy deelname aan STAMPEX 2003 wat oor die tydperk 23 tot 26 Oktober by Melrose Arch, Johannesburg, gehou word. Hans gaan 5 rame van Suid-Afrikaanse Lugpos (1911 - 1940) uitstal by die Nasionale Seëluitstalling.

46ste WÊRELDWYE VERKENNERJAMBOREE-OP-DIE-LUG (of WORLD SCOUT JAMBOREE-ON-THE-AIR) (JOTA) {18 - 19 Oktober 2003}

Let op dat die datums!!! Vir meer inligting oor hierdie internasionale geleentheid raadpleeg asseblief die webwerwe www.scout.org/jota en www.scout.org/joti. Dit sal ook moontlik wees om verlede jaar se JOTA-wêreldrapport te kry.

As enige guide/scout/brownie/cub die hulp van 'n amateur vir hierdie naweek kan inspan dan is daar niks wat hulle keer om deel te neem nie.

Hierdie "11de uur" reëlings in "scouting" is heeltemaal toelaatbaar mits die dogters en seuns bereid is om te probeer.

Registrasie as 'n Opvoedkundige Stasie is noodsaaklik indien die dogters en seuns op die lug wil praat en/of boodskappe deur middel van morsekode op die amateurbande will oorstuur.

7de WÊRELDWYE SCOUT JAMBOREE-OP-DIE-INTERNET (JOTI) {18 - 19 Oktober 2003}

Hierdie geleentheid vind plaas oor dieselfde naweek as JOTA en enige dogter of seun wie in besit van 'n rekenaar is en toegang na die Internet het, mag deelneem. Hulle kan met meer as 'n halfmiljoen ander dogters en seuns oral in die wêreld kommunikeer. Jongmense van alle nasies, ongeag hul kultuur, godsdiens of ras mag vrylik hul opinies en hul idees lug.

By 'n JOTI-stasie is geen radioamateur nodig nie solank as wat die persoon wat die rekenaar beman 'n verbinding met verkenners het of die persoon langs hom 'n lid van 'n verkenner- of dogtergidsgroep is.

Die "Participation Cards" wat normaalweg aan die dogtergidse en verkenners wat aan JOTA/JOTI deelneem, uitgedeel word, het eers op Woensdag 8 Oktober opgedaag. As enigeen 'n aantal van die kaarte by hul JOTA/JOTI-geleentheid wil uitdeel, kontak asseblief vir Dave, ZS6AAW, so gou soos moontlik. Die kaarte kan ook na afloop van die geleentheid uitgedeel word.

Onthou om detail van hierdie aktiwiteite, ongeag hoe kort, aan Dave Gemmell, ZS6AAW, te stuur VOOR 30 November vir insluiting in die SA Nasionale JOTA/JOTI Rapport.

Dave se kontakbesonderhede is:- Posbus 77, Irene 0062 of landlyn 012 - 667 2153 of e-pos davegemmell@bmknet.co.za. (Nuuslesers, herhaal asb. Dave se kontakbesonderhede).

SPESIALE GEDENKSTASIE VI3BVS

Die WIA (Wireless Institute of Australia) rig 'n spesiale stasie met roepsein VI3BVS in die provinsie Victoria van Australië op om die eerste Europese nedersetting in Victoria te gedenk. Stasie Victor India 3 Bravo Victor Sierra sal op Sondag 12 Oktober, di. Vandag, op die lug wees vanuit Sorrento op die Mornington skiereiland in Victoria, VK3, Australië.

Luitenant-Goewerneur David Collins het 200 jaar gelede met 460 persone naby Sorrento geland en daar kamp opgeslaan.

Die spesiale geleentheidstasie VI3BVS het amptelike verlof ontvang om by Sullivanbaai te vestig waar die eerste setlaars aangekom het.

Operateurs sal Ron Cook, VK3AFW, Jim Linton, VK3PC, en Barry Robinson, VK3JBR, wees.

Luister uit vir VI3BVS op Sondag 12 Oktober op die 40, 20, 15 en 10 meterbande.

'n Herdenkings-QSL-kaart sal beskikbaar wees. QSL via VK3WI of deur die Buro.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE GB50RAEN

Die 50ste Noodkommunikasieherdenkingskonvensie van RAYNET word op Saterdag 25 Oktober deur die RSGB in Birmingham, Engeland, aangebied. Dit herdenk die stigting van RAYNET, die VK se Amateurradionoodkommunikasienetwerk, deur die RSGB, hierdie herfs, 50 jaar gelede. Met die viering sal spesiale geleentheidstasie GB50RAEN - Radio Amateur Emergency Network - vanaf 20 tot 31 Oktober op die lug wees. Behalwe die gewone modusse sal gepoog word om ook SATV te bedryf. QSL via die RSGB-buro. Verdere inligting kan van die RSGB se Emercomms-webblaaie verkry word nl http://www.rsgb.org/emergency/. (Nuus verskaf deur Paul Gaskell, G4MWO).

DATUMS OM TE ONTHOU Spesiale geleentheidstasie V13BVS is vandag op die lug en met 'n bietjie geluk mag dalk nog 'n kontak maak. RAE, Donderdagaand 16 Oktober. JOTA en JOTI volgende naweek 18/19 Oktober. Spesiale geleentheidstasie GB50RAEN 20 tot 31 Oktober. Die afsnydatum vir ledegeldhernuwings is nou 31 Oktober.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die

Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX